Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
Tel 012 329 6011
E-pos hoofkantoor@voortrekkers.co.za
www.voortrekkers.co.za

17 Augustus 2020

Beste Graad 7 offisier

VOORSLAG 2020

Vanjaar is inderdaad 'n jaar vir aanpassings op baie plekke, ook met die Voorslagproses.

Die ideaal was dat die kampe voortgaan, wel later in die jaar. Die situasie in Suid-Afrika en Namibië is dopgehou en na gesprekvoering is die volgende besluit geneem wat deur die AGL'e PD sake van die verskillende gebiede geïmplementeer en bestuur gaan word sodat geregistreerde, opbetaalde Graad 7 Penkoppe en Drawwertjies, wat graag vanjaar Voorslag evaluering wil deurloop, die geleentheid daarvoor kry:

- Elke Voorslagkandidaat kry een dokument waarop opdragte vir alle toetspunte skriftelik voltooi word.
- Die evaluering wat Voorslagkandidate gaan deurloop word sover moontlik, gebaseer op die evalueringsmetodes op die Voorslagkampe.
- Touwerk en kaartwerk sal prakties geevalueer word.
- Alle ander evaluerings word teoreties gedoen, insluitend sang, seremonies, spelleiding en situasies.
- Individuele aanbieding van speletjies word nie vanjaar prakties geevalueer nie. Voorslagkandidate hoef dus nie speletjies voor te berei nie.
- Voorslag evaluering vind vanjaar op 'n Saterdag in Oktober of November plaas. Elke gebied sal sy datum aan kommando's kommunikeer.
- Evaluering sal plaasvind in kleiner groepe, ooreenkomstig die regulasies, by evalueringsentrums soos deur die gebied bepaal.
- Die gebied se AGL PD sake, in samewerking met die GDB, bepaal die indeling van groepe en bestuur die logistiek vir die proses binne die gebied.
- Voorslagkandidate en offisiere wat aangewys is om toesig te hou, woon die evalueringsproses by in formele Voortrekkerdrag en jeuglede se Voortrekkerdrag word geevalueer.

Elke gebied sal sy eie kommunikasie uitstuur met betrekking tot die datum en reëlings vir Voorslag evaluering in sy gebied.

Hoofleier Danie Langner
Hoofsekretaris Corlia Botha
Adjunkhoofleiers Malan le Roux, Karin Stoffberg, Johan Laubscher, Elizma Smith

COVID KENTEKEN

Dit blyk dat daar verwarring bestaan oor die status van die PD Covid kenteken. Hiermee duidelikheid:

- Die Covid kenteken is nie ‘n Spesialisasie kenteken nie. Daar is nie vereistes of tydsduur waaraan voldoen moet word soos die geval is met Spesialisasie kentekens nie en dis nie graad spesifiek nie.
- Slegs vir 2020, omrede van kampe wat gekanselleer moes word, sal **een** A of B gradering spesialisasie vir Voorslag vrygestel word, indien die kandidaat een A of B spesialisasie kortkom om te kwalifiseer, deur die Covid boekie te voltooi. Vir dié doel word die Covid kenteken aangebring onderaan die spesialisasies op die P1 Voorslagvorm. Let wel, dit kan nie gebruik word vir vrystelling vir ‘n Belofte spesialisasie nie.
- Die Covid kenteken geniet dieselfde status as enige feesjaar kenteken wat in die verlede uitgereik is om ‘n unieke jaar aan te dui. Indien die lid ‘n Penkop of Drawwertjie is in 2020 is die randjie van die kenteken oranje en indien ‘n Verkenner, is die randjie groen. Soos met ‘n feesjaar kenteken bly dit op die erkenningsbaadjie en word oorgedra na die Verkenner se erkenningsbaadjie.
- Die Covid kenteken se doel is om iets ekstra en uniek te gee vir Voortrekkers in 2020, jeuglede en volwasse lede, wat ten spyte van uitdagings getrou voortgaan as lede.
- Die Covid kenteken word net in 2020 by Voorslaginskrywings in aanmerking geneem.

Ek versoek dat, in ‘n positiewe gees van ondersteuning en samewerking, kommando’s asseblief inskrywings volledig en tydig sal indien en sal reageer op versoeke van AGL’e sodat hierdie proses vanjaar ook goed verloop en die proses nie gerem word nie.

Ek is oortuig daarvan dat Voorslag 2020 ook vir kandidate ‘n goeie ervaring sal wees waartydens hulle Voortrekker kennis en vaardighede sal kan weergee waardig van ‘n nasionale toekenning.

Groete

Elizma Smith
Adjunkhoofleier: Penkoppe en Drawwertjies